


Bloudruk vir 'n beter wêreld



Sabbatmiddag

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Eksodus 3:7, Mattheus. 22:37-40, Eksodus 22:21-23, Deuteronomium. 14:22-29 en hfst. 26:1-11, asook Levitikus 25:9-23.

Geheueteks:

“Jy mag nie wraak neem of 'n grief koester teenoor jou volksgenoot nie, jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is die Here” (*Lev. 19:18, NAB*).

Deur sy grote genade het die Here altyd mense gehad met wie Hy 'n spesiale band gekoester het. Mense soos Henog, Noag, Abraham, Isak en Jakob is tekenend van God se groot begeerte om die gebroke band met die mensdom te herstel. Tog was daardie bande wat die Here hier probeer smee het, nie net tot voordeel van die handjievol bybelfigure en hul tent- en huisgenote nie. Al die kere wat hierdie bybelfigure in pas met God was en deur Hom geseën is, was dit deel van 'n groter plan om die gebroke verhouding tussen God en die mensdom te herstel, en sodat die vermelde seëninge na ander kon uitkring. Let op God se woorde aan Abraham: “En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees. En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word” (*Gen. 12:2 en 3, OAB*). Deur die seëninge wat God hom gegee het, kon hy op die beurt ander tot seën wees.

Hierdie seëninge sou deur die volk Israel, en uiteindelik deur die Messias as 'n Joodse afstammeling, kom. Na God die Joodse volk tot stand gebring het, het sy pogings om die mensdom tot seën te wees 'n ganse nasie behels. So dan het Hy aan Israel bepaalde reëls en regulasies, en feesdae en praktyke, gegee. Met watter doel voor oë? Sodat die kinders van die Here anders kon wees en leef – deur die seëninge wat hulle ontvang het ook met ander te deel. Hierdie beginsels geld ongetwyfeld vandag steeds.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 13 Julie.*

Die God wat gehoor gee

“Jy kan seker wees dat Ek gesien het hoe swaar my volk in Egipte kry. Ek het gehoor hoe hulle teen hulle slawedrywers om hulp roep. Ek is baie bewus van hoe swaar hulle kry” (*Eks. 3:7, NLV*). Vierhonderd jaar is ’n lank tyd om te wag, veral wanneer die slawerny waarin jy jou bevind, toenemend erger word. God het eens op ’n tyd belowe dat Hy na sy volk sou terugkeer en hulle uit Egipteland sou bevry. Tog mos elke nuwe geslag hulle opnuut afsloof en dit sodat hul heidense onderdrukkers van krag tot krag kon gaan. Waar is die Here dan? God se oënskynlike stilswye, dié het hulle nie verstaan nie. Toe openbaar die Here Hom op ’n unieke wyse. Hy verskyn in ’n brandende bos in die hartjie van die woestyn, en boonop aan iemand wat die meeste mense oor die hoof sou sien – aan ’n prins wat op die vlug geslaan het en nou ’n beskeie skaapwagter is: Moses. Aan die teësinnige Moses gee die Here ’n spesiale taak. Om mee te begin, moes hy teruggaan na die Israeliete in Egipteland, met die boodskap dat God wel van hul onderdrukking bewus is – en ja – dat Hy wel omgee. Om die waarheid te sê, Hy was op die punt om iets te doen wat hul lot drasties sou verander.

Lees Eksodus 3:16, 17. Hoekom was dit so belangrik vir die Here om vroegtydig sy beoogde reddingsplan in breë trekke deur te gee? Watter gedeelte van dié eerste boodskap aan die Israeliete in Egipte is besonder opvallend?

Tog behels sy reddingsplan veel meer. Dit bestaan nie net uit ’n belofte oor grond nie. Nee, hulle sou nie Egipteland met leë hande verlaat nie. Honderde jare lank het hulle die Egiptiese Ryk verryk. God het natuurlik geweet dat Faraó teëstand sou bied. Nietemin het Hy Moses die versekering gegee dat die Israeliete vir hul jare van harde werk beloon sou word: “Ek sal ook sorg dat die Egiptenaars goed doen aan hierdie volk van My, sodat, as julle uiteindelik wegtrek, julle nie met leë hande sal gaan nie” (*Eks. 3:21, NAB*). Met bevryde slawe – mense wat jare van onderdrukking deurgemaak het – het die Here ’n nuwe soort samelewing gebou. Hy wou hê dat hulle anders as die res moes dink en leef. Dit moes ’n lewensvatbare en volhoubare samelewing wees. Sy plan was dat die Israeliete ’n baken van lig vir die omliggende nasies sou wees, en dat hulle die seëninge wat hulle ontvang het – net soos Abraham van ouds – tot voordeel van die ganse aarde sou inspan en uitleef.

Hoe belangrik is dit vir jou dat die Here ’n God is wat menslike lyding raaksien, een wat ag slaan op ander se noodkrete? Wat sê dit vir jou omtrent die Here? Oordink Eksodus 4:31.

Die tien gebooie

Lees Matteus 22:37-40 en dan Eksodus 20:1-17. Hoe help Jesus se opsomming van die tien gebooie jou om stap vir stap elke gebod beter te verstaan?

Die tien gebooie lees soos 'n grondwet. Dit bevat 'n kort aanhef wat die grondslag waarop die daaropvolgende gebooie geskoei is, duidelik maak (hier, die feit dat God sy kinders bevry het). Die tien gebooie is 'n dokument waarin die kernbeginsels van Israel se nasieskap uitgestippel word. In God se grondwet is daar spesifieke gebooie oor sy kinders se liefde vir Hom en vir mekaar, en die beste maniere om beide uit te leef. Dit is dus geen wonder dat baie nasies met 'n Christelike erfenis dié beginsels in God se wet as raamwerk vir hul landswette gebruik het nie. Hoewel baie van die gebooie kort en bondig is, moet ons nóg die vêrreikendheid nóg die omvattendheid van die tien gebooie in twyfel trek. Dit is wette vir die behoud van lewe. Neem byvoorbeeld die sesde gebod – “Jy mag nie moord pleeg nie” (*Eks. 20:13, NAB*) – wat basies 'n opsomming is en ook die volgende wandade insluit: “alle misdaad wat tot die verkorting van lewe lei” asook “'n selfsugtige versuim om na die behoeftiges en persone wat ly, om te sien” (*Patriarchs and Prophets*, bl. 308). Insgelyks is die verbod op diefstal (*lees Eks. 20:15*) 'n verwerping van “slawehandel... en oorloë wat ten doel het om te verower.” Die verbod op diefstal “vereis [ook] die terugbetaling van skuld wat op 'n regmatige wyse aangegaan is, en die betaling van verdiende lone,” en verbied “elke poging om munt uit ander se onkunde, swakheid of teëspoed te slaan” (*Patriarchs and Prophets*, bl. 309).

Al te dikwels verskoon ons onself wanneer dit by die verbreking van die tien gebooie kom. As jy nie uitgaan om te moor of te roof nie, word jy mos gereken as 'n “goeie mens”. In Jesus se uiteensetting van die gebooie stel Hy dit duidelik dat die nakom van die tien gebooie nie bloot die uitskakel van 'n paar gruweldade is nie. Allermins. Ons gedagtes, bewegredes en selfs ons versuim om die regte ding te doen, kan 'n verbreking van die tien gebooie wees (*lees Matt. 5:21-30*). So, stel jou 'n samelewing voor waarin die tien gebooie tot sy volle reg kom, waarin die mense erns met elke gebod maak. Dit sal dinamies en lewenskragtig wees, 'n samelewing waarin almal, deur hul aktiewe naasteliefde, hul liefde vir die Here met oorgawe uitleef.

Ons volg dikwels die oppervlakkige letter van die wet. So kyk 'n mens die dieper kernbeginsels mis, beginsels wat vêrreikende implikasies vir jou alledaagse handel en wandel inhou. Die vraag is net: Hoekom doen ons dit? Hoekom is die meer oppervlakkige interpretasie makliker om te volg?

Die slaaf, die wees, die weduwee en die vreemdeling

Lees Eksodus 23:9. Wat is God se boodskap aan Israel hier?

As slawe wat pas bevry is, was die Israëliete goed vertrouwd met onderdrukking, uitbuiting en om na die kantlyn uitgeskuif te word. Hoewel hulle hul nuutgevonde vryheid gevier het, was die Here besorgd: wat as hulle vergeet wie en wat hulle hier gebring het, hoe dit gevoel het om eers uitgesluit te wees en toe gered te word? Vandaar die instel van die Pasga as 'n gedenkfees en 'n geleentheid om daardie verhaal oor te vertel: “Met groot mag het die Here ons uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry” (*Eks. 13:14, NAB*).

Lees Eksodus 22:21-23. Let op God se bevel aan sy volk oor hoe hulle minderbevoorregtes in hul nuwe gemeenskap moes behandel. In daardie bevel word hulle aangesê om aan hul eie slawerny terug te dink. Hoe belangrik was die herdenking van hul slawerny vir die uitvoer van daardie bevel?

Skaars het die weerklank van God se stem weggesterf of Hy roep vir Moses weer boontoe. Ja, die tien gebooie is net mooi deurgegee toe die patriarg moes teruggaan om noukeurige instruksies oor die daaglikse uitleef van daardie wet binne samelewingsverband te ontvang. Dit het voor die instruksies vir die bou van die tabernakel gebeur, die dag toe die Here 'n volle drie hoofstukke aan sake soos die regte behandeling van slawe afgestaan het; en Hy gee perspektiewe op 'n reeks wette wat die Israëliete sover moes bring om heeltemal anders as hul Egiptiese meesters op te tree. Daar was wette oor geweldsmisdaad, oor alles wat met eiendom te make gehad het, oor die Israëliete se daaglikse handel en wandel; asook beginsels vir die tot standbring van howe wat hierdie wette moes implementeer en moes toepas, sodat reg en geregtigheid kon geskied (*lees Eks. 21 tot 23*).

Opvallend is die medemens-gerigte wette in dié nuwe samelewing, asook 'n besorgdheid oor die vreemdeling en die weerlose. Veral laasgenoemde moes nie uitgebuit word nie. Hulle het selfs die reg tot toegang tot kos gehad, sodat hul menswaardigheid gerespekteer kon word. Hulle kon byvoorbeeld deur die landerye gaan om die koringare wat na oestyd agtergebly het, op te tel. Sulke behandeling van “vreemdelinge” en buitelanders was ongekend in die antieke wêreld. In die hedendaagse wêreld lyk dit ook of party mense van hierdie allerbelangrike morele beginsels oor die behandeling van hul medemens vergeet het.

Watter ervarings uit jou verlede en die herinnering daaraan, maak dat jy meer besorg oor ander se lot is, dat jy medelye vir hul lyding het en vir die ongeregtigheid waarmee hulle te kampe het?

'n Tweede tiende

Baie Christene hou by, en gee erkenning aan, die Bybelse bevel om tiendes aan God te gee, oftewel, om hul tiendes aan Hom terug te gee. Dit verskyn in die oorbekende Maleagi 3 vers 10 en is boonop eenvoudig: jy gee tien persent van jou inkomste – oftewel jou “opbrings” [Deut. 14:28, OAB] – om die werksaamhede van die kerk ter verkondiging van die evangelie te ondersteun. Met die getroue gee van hierdie tiendes het die onderskeie gemeentes, en ook die kerk as 'n geheel, 'n bepaalde verantwoordelikheid: om by die riglyne te hou wat bepaal hoe daardie fondse aangewend behoort te word, hoofsaaklik ter ondersteuning van suiwer bediening- en evangelisasie-gerigte werk.

Let op die bevel in Deuteronomium 14:22-29. Wat is hier die hoofrede vir die gee van tiendes?

Groot is die versoeking om te dink: ek het 'n tiende van my inkomste aan die kerk oorbetaal, so ek het my kant gebring. Tog blyk dit uit die instruksies aan die Israeliete dat die gee van daardie tien persent net 'n eerste tree in die regte rigting was. Studies oor die Israeliete van ouds toon die volgende: elkeen wat by die riglyne in die Levitiese wette gehou het, het gemiddeld 'n kwart tot 'n derde van hul jaarlikse opbrengs aan God gegee; sodat die priesters en die tabernakel onderhou kon word, en ook die armes gehelp kon word. Party kenners beskryf dié gee – veral ter ondersteuning van die vreemdeling, die wees en die weduwee – as 'n tweede tiende. Duidelik moes die mense die vrug van hul arbeid geniet en die opbrengs van hul oeste vier. God het belowe om hulle te seën, veral in die beloofde land; maar hulle moes nie daardie seëning as vanselfsprekend aanvaar nie of selfs van diegene vergeet wat nie so geseënd was nie.

Elke jaar moes die Here se porsie van die oes na die tabernakel gebring word en volgens die voorskrifte verdeel word. Elke derde jaar was egter spesiaal. Dan was die plaaslike gemeenskap die fokus van daardie verdeling. By sulke oesfeeste was die kollig op diegene wat maklik misgekyk is of op die agtergeblewenes: “Dan moet jy aan die Leviet, die vreemdeling, die wees en die weduwee gee, dat hulle in jou poorte kan eet en versadig word” (Deut. 26:12, OAB). In ooreenstemming met God se bevel het ten minste 'n deeltjie van die Israeliete se mildelike tiendes aan die behoeftiges gaan, om finansiële en praktiese bystand aan hulle te verleen. Hier dien die volk se herinnering aan hul slaweverlede, en hul waardering vir God se grote genade en regverdigheid, as motivering om te gee.

Lees Deuteronomium 26:1-11. Wat probeer die Here hier by sy volk tuisbring? Hoe kan dit ons eie houding jeens behoeftiges en hulplening verander?

Die jubeljaar

In God se ontmoeting met die Israëliete – as mense sonder ’n heenkome, mense wat vreeslik na die beloofde land uitgesien het – het Hy geweet hoe belangrik die grond self vir hulle sou wees. Vanuit daardie grond moes immers ’n nuwe samelewing in Kanaän verrys. Onder leiding van Josua het God dus toegesien dat die beloofde land gelykop tussen die onderskeie stamme en gesinsgroepe verdeel word. Tog het Hy ook geweet dat die rykdom, geleenthede en hulpbronne verbonde aan grondbesit mettertyd in die hande van ’n klein groepie sou beland, soos dit gewoonlik die geval is. Probleme binne die gesinsgroep, swak gesondheid, swak keuses, en ander teëspoed kon daartoe lei dat party mense hul grond ter wille van korttermynvoordele of bloot ter wille van oorlewing moes verkoop. Vir sulke gesinsgroepe sou dit dan ’n verlies aan erfgrond meebring, en boonop vir opeenvolgende geslagte.

God se oplossing hiervoor was dat ’n stuk grond nooit heeltemal verkoop kon word nie. Dit het net in die nuwe eenaar se besit gebly totdat die “jubeljaar” aangebreek het. In daardie jaar het die grond na die gesinsgroep aan wie dit oorspronklik toegeken is, teruggegaan. Enige stuk grond kon, ter enige tyd, deur die oorspronklike grondbesitter of een van sy huismense of familielede afgelos word. Hier herinner die Here sy volk opnuut aan hul band met Hom, en die feit dat dit hul interpersoonlike verhoudings geraak het: “Die grond moet ook nie vir altyd verkoop word nie; want die land is myne, omdat julle vreemdelinge en bywoners by My is” (*Lev. 25:23, OAB*).

Lees Levitikus 25:8-23. Stel jou voor hoe die samelewing daar sou uitsien indien hierdie beginsels gevolg word, veral die gedeelte wat sê: “Laat niemand dan sy [of haar] naaste verdruk nie.”

“Die wette wat God daargestel het, was ter bevordering van maatskaplike gelykheid. Die sabbatsjaar en die jubeljaar was tot ’n groot mate voorskrifte ter regstelling van alles wat intussen in die volk se maatskaplike en politieke ekonomie skeefgeloop het” (Ellen G. White, *Patriarchs and Prophets*, bl. 534).

Bybelgeskiedskrywers is onseker of hierdie ekonomiese en maatskaplike ritme ooit, vir enige noemenswaardige tydperk, behoorlik gevolg is (*lees 2 Kron. 36:21*). Hoe dit ook al sy, hierdie reëls laat ’n mens dink – aan hoe die wêreld kon wees as ons tog net sy voorskrifte noukeurig wou volg. Wat meer is, dit onderstreep God se spesifieke besorgdheid oor die lot van die armes en die uitgeskuifdes, asook sy groot begeerte dat regverdigheid en billikheid op praktiese wyses in die wêreld uitgeleef behoort te word.

Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White – “The Law Given to Israel” op bl. 303-314, en “God’s Care for the Poor” op bl. 530-536, beide in *Patriarchs and Prophets*.

“Benewens die erkenning van God se aansprake in ons lewens, is die mees opvallende aspek van die wet wat Moses ontvang het die vrygewigheid, tederlikheid en gasvryheid wat dit ons aansê om teenoor die armes te hê. Hoewel die Here belowe het om sy kinders ryklik te seën, het Hy dit nie so beskik dat daar glad geen armoede onder hulle moes wees nie. Hy het nie gesê dat die armes skielik moes ophou bestaan nie. Onder sy kinders sou daar altyd diegene wees wat die ander se simpatie, tederheid en goedhartigheid sou nodig hê. Die gelowige was nog altyd, en is steeds, onderhewig aan teëspoed, siekte en die verlies aan eiendom. Tog moes hulle net die Here se instruksies volg, dan sou daar geen boemelaars onder hulle wees nie, ook geeneen wat honger ly nie” (Ellen G. White, *Patriarchs and Prophets*, bl. 530, 531). “Hierdie voorskrifte sou die rykes net soveel tot seën as die armes wees. Dit sou hebsug en selfgesentreerdheid inperk, en sou ’n verhewe gees van goedgunstigtheid aanwakker. Hierdie aankweek van toegeneentheid en wedersydse vrygewigheid onder mense van alle lewensterreine, sou ’n maatskaplike orde en ’n regeringstabiliteit in die hand werk. Ons is [immers] almal selle in die weefsel van die mensdom, en al ons pogings tot bevoordeling en opheffing van ander sal ons ook tot seën wees” (bl. 534, 535).

Vrae vir bespreking:

- 1. Let op die bloudruk wat God aan Moses en die Israeliete vir die bou van ’n nuwe soort samelewing gegee het. Watter deel, wet of voorskrif in daardie bloudruk trek jou aandag die meeste (ongeach of dit pertinent in vandeeweek se studie genoem word of dalk deur jou eie leeswerk aan die lig gekom het)?**
- 2. Hoekom dink jy lê die Here soveel klem in sy wette op die weerlose?**
- 3. Hoe behoort die moderne gelowige hierdie Mosaïese wette te verstaan en daarby aansluiting te vind? Hoe weet ’n mens watter van hulle steeds van toepassing en derhalwe relevant is? Die wette van Moses bied gedetailleerde voorskrifte van hoe die Israeliete hul samelewing moes orden en hul private lewens moes lei. Wat is die groot les wat ons hieruit leer?**

Opsomming:

God het die noodkreet van sy kinders in Egipteland gehoor en hul swaarkry gesien. Hy gryp toe in en red hulle. Die Here wou graag ’n spesiale verbondsverhouding met hulle hê, en het begeer om aktief ’n nuwe soort samelewing saam met hulle te bou – een wat almal tot seën sou wees, selfs die agtergeblewene, die verworpene en die weerlose.